Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Angolese glo met ivoor vasgtrek

06 April 2020 | Misdaad



1.

0 0 0

Drie Angolese mans en 'n Namibiër is Saterdag glo met twee olifanttande en ietermagôprodukte in die Akati-nedersetting by Outapi vasgetrek.

Volgens die Namibiese polisie se weeklikse misdaadverslag is die vier verdagtes omstreeks 11:00 in hegtenis geneem toe hulle glo probeer het om die wildprodukte aan geheime polisiebeamptes te verkoop.

"Die wildprodukte is glo vanaf Angola na Namibië ingevoer," lui die verslag.

Hulle sou vandag in die landdroshof op Outapi op klagte van die onwettige besit van en handel in wildprodukte, asook die oortreding van die immigrasiebeheerwet, verskyn.

Die polisieondersoek duur voort.

Twee mans (39 en 33) is Vrydag omstreeks 21:00 in die Tuhingireni-nedersetting op Rundu glo met twee luiperd- en drie ietermagôvelle in hegtenis geneem.

Hulle sou vandag in die Rundu-landdroshof verskyn. Die polisieondersoek duur voort.

In die hoofstad is 'n 49-jarige man Vrydag glo met 'n ietermagôvel in sy besit in hegtenis geneem.

"Hy het omstreeks 10:45 in die parkeergebied van Eveline Court in die Greenwell Matongo-nedersetting in Wanaheda die ietermagôvel probeer verkoop," lui die verslag.

Die verdagte sou vandag in die Windhoekse landdroshof in Katutura verskyn. Die polisieondersoek duur voort.

Foto ter illustrasie Nampa